Lesing 30 van 10.07.17 - Die weg na die innerlike Herberg in 2008 - 2009

## *Eenheid in My Liefde deur Nalize Roets Hoofstuk 5*

1 Gaan na My Volk tot aan die uithoeke van die aarde en verkondig My Verlossingsdaad in Miriam, wat nou voor die deur staan. Die daad waarin Miriam My Bruid tooi vir Eenwording met haar ewige Skepper. Amein.

Hierdie skeppingsoomblik sal soos ‘n veldbrand oor My Berg versprei, sodat My heilige vuur van Suiwerheid nooit weer van die aardes van hulle wat hul daarop bevind het, sal blus nie. Amein.

2 Elke hoek van verstrooide harte moet ‘n vorm aanneem, voordat daar ’n planting en ontkieming kan geskied. Sonder Liefde, Krag, Waarheid en Wysheid sal geen siel substansie hê om op My Heilige Berg te kan innes nie. Eers dan, sal die goeie grond bemesting en steun wees vir Lewe in My. Amein.

3 Hierdie oomblik sal nie uitbly vir nederige saad uit My skure nie. Amein.

4 Waarmee sal die Suiwerheid geken word? Deur die sorgvuldige uitlewing van die woorde in hierdie Reddingsanker. Amein.

5 Weerhou nie die vreesloses om My te soek op al hul weë nie, maar wees die Lig waarin sulke siele My kan vind na vele teleurstellings. Amein.

6 Ek neem die roep in die harte van Myne in ‘n ewige oomblik op as die Ligvonk wat aan daardie siel ‘n hartklop sal gee. Daardie vonk word gevoed met oorgawe aan gehoorsaamheid van My wense en verbly die nuwe lewe in daardie siel vir alle tye wat voorlê. Amein.

7 Vromes is nie die enigstes wat op My Berg van Apartheid te vind is nie, maar deur versoening en berou van oortreding, dus bekering, is My Berg ‘n groeibodem vir My aardse saad. Daarop sal Ek die suiwerheid uitgiet, soos heuning. Amein.

8 Ek nooi daarom elkeen wat ore het om hierdie werk te verstaan om hulle voor My voete te kan neerlê in verootmoediging. Ek wil jou vergewe en Ek wil aan jou ‘n plekkie van groei gee waar geen element

jou groei sal belemmer of skaad nie. Amein.

9 Elke dag wat verbygaan is nog 'n dag waarin jy in My beskerming kon groei en gekies het om jouself te versterk teen elemente. Staak die dae wat jy in eie krag regop beur en teen koue en winde moet staande bly. Gee jouself in My Hand met volle vertroue dat wat Ek met jou siel bestem, hemelse krag vra en in oorvloed uitgegiet sal word. Amein.

10 Eenheid is die doel van hierdie oorgawe. Daarom moet jou oorgawe onvoorwaardelik wees. Amein.

11 Ek kan slegs My saad saamvoeg en saambind as hulle doelwit die groot diensbaarheid aan My is en nie die klein skoonheid in hulleself nie. Met een suiwere kan Ek menigtes se harte raak, maar met vele suiweres kan Ek menigtes se bande oor hul harte breek. Laat jou roep daarom wees om te dien tot redding van jou volk. Amein.

12 Waardering vir My druppels van barmhartigheid op jou kroonblare en die smagting dat jy dit kan indrink in jou blomkelk bring meer en meer druppels na jou wat jou sal versterk. Hierdie druppels weerkaats My hemele so goed soos wat jy dit wil bewonder. Amein.

Lees My woorde daarom elke een met ontsag soos vir die druppels van Barmhartigheid wat Ek op jou laat val, want voor jy weet is jy 'n volwasse Lelie wat in jou wortels kan rus vir die winter wat voorlê. Die winter kom, My bruid. Amein.

13 Elke een wat in My Berg ingenes is, sal die elemente kan deurstaan wat in die winter jou lewe van jou wil afneem. My Lelies sal eerder baie plek deel dat almal veilig bly en so sal met vermeerdering in die saad se krag ook met die nuwe seisoen meer as dubbeld hierdie getal lelies voor My oë opskiet om aan My heilige Berg 'n sieraad van lewe te bied. Amein.

14 Waardevol is elke oomblik waarin jy jou hart kan afkeer van die wêreld, want daardie oomblik bied aan jou vooruitgang op My Berg, My Lelie, sien die suiwere bloeisel wat Ek jou, elke ander en My saad deur jou gee as bewys dat Ek alles saambind tot heil van My Naam op julle aarde. Sonder My Liefdeskrag en Barmhartigheid sal geen lewensoomblik moontlik wees nie. Amein.

15 Ek, as anker in My Gees van Liefde, laat geen een wat smag na My

om te vergaan nie. Ek is die getroue Tuinier wat die lelieplant versorg en die bolle verdeel en herplant op die regte tyd. IN My het hierdie skeppingsgedagte tot lewe gekom en deur My Wil hou Ek dit aan die lewe. Amein.

16 Geen verdringer sal naby My Berg kom nie, en daarom sal dit die enigste plek van rus wees vir My saad, want nederig is hulle en het My beskerming nodig. Amein.

17 Waar die Son se strale Myne verhit en versorg, sal geen koue meer die siele inmekaar kan laat krimp nie. My Lewenskrag vul daardie siel en dit sal altyd net groter en meer bloeisels oplewer vir My. Amein.

18 Bewonder daarom elke bloeisel om jou, omdat My Krag daarin toon met hoeveel oorgawe die saad in My Hand geplaas is. Beeldskoonheid is ‘n kenmerk van My Sorg. Amein.